

Die Bergriviermonding. FOTOS: SUSAN KEMP

Bergriviermonding in gevaar weens swak bestuur

Susan Kemp

VELDDRIF – Die Bergriviermonding word deur swak bestuur bedreig. Dit is 'n onomwonde feit wat op Donderdag 3 Februarie na vore gekom het by die Internasionale Biodiversiteitwerksessie wat op Velddrif ten einde geloop het.



Cobie Liebenberg.

Afgevaardigdes uit 17 lande en 60 stede het saamgestem dat die bestuursituasie rede tot groot kommer is en die waardevolle riviermonding se toekoms as gevolg daarvan in die weegskaal is.

Die werksessie is in die Bergrivier munisipale streek aangebied deur LAB (Local Action for Biodiversity), onder die vaandel van ICLEI (Local Governments for Sustainability). Danie Schreuder, voorsitter van die bestuursforum vir die Bergriviermonding het gepraat oor die inskakeling van biodiversiteit by gemeenskapsontwikkeling en die plaaslike ekonomie.

Die algemene slotsom was dat die Bergriviermonding 'n unieke gebied is, maar ly onder die totale gebrek aan bestuur. Afgevaardiges het saamgestem dat die Bergrivier-munisipaliteit 'n omgewingsbestuurder behoort aan te stel om dringend aandag te gee aan die behoeftes van die monding.

Cobie Liebenberg, burgermeester van Bergrivier-munisipaliteit, het ook gesê "Die monding het baie potensiaal, maar moet doeltreffend bestuur word om dit te realiseer."

Volgens berekenings gebaseer op inligting wat verskaf is deur kundiges wat deur die munisipaliteit aangestel is om 'n verslag oor die monding te doen, het die Bergriviermonding die potensiaal om R75 miljoen per jaar te genereer. Tog word geen geld op die bestuur daarvan gespandeer nie. Faktore wat by die berekenings in ag geneem is, is die waarde van huise in die omgewing, toerisme en inkomste uit visvangste.

Die uniekheid van die gebied lê daarin dat dit 'n buitengewoon groot oop monding is en besonder baie broeiplek vir vis en voël bied. Dit word met goeie rede die kleuterskool van die oseaan genoem. Dit is dus van groot belang vir die aanvulling van ons visbronne en impak ook op die visindustrie.

Van die faktore wat die monding negatief beïnvloed, is landboubesoedeling en die grootskaalse onttrekking van vars water vir landboubesproeiing uit die rivier. Die sowat 70 afgevaardigdes het ná besprekings met vier bote op die rivier uitgevaar om die monding van nader te beskou en oplossings vir die gebied se probleem te probeer vind. Die Bergrivier-munisipaliteit was een van die eerste munisipaliteite in die land wat by LAB aangesluit het en die Internasionale Biodiversiteitswerkswinkel wat nou hier gehou is, is 'n uitvloeisel hiervan. "Hierdie stap kan nou vir Bergrivier se gemeenskap vrugte afwerp," het Liebenberg gesê. "Biodiversiteit maak die tipe ekosisteem waarvan die mens vir oorlewing en lewenskwaliteit afhanklik is, moontlik. Die beskerming van biodiversiteit ter wille van ons gemeenskappe is dus van kritiese belang."



Die oorsese besoekers is op 'n bootrit op die Bergrivier geneem tydens die biodiversiteits werksessie. FOTO: LOUISE BRAND